

A.3 PRIORITEITE VAN DIE ASM

A 3.1 MISSIONALE KERKWEES

1. HOE HET ONS GEVORDER VANAF 2011? ONS KYK TERUG, REFLEKTEER EN VIER

2011: Tydens die sinode van 2011 het vier verskillende verslae gedien wat verband gehou het met die wese van die kerk en die uitdaging wat die konteks van ons tyd aan die kerk stel.

Die Sinode gee opdrag dat daar 'n saamvoeging sal plaasvind van die verskillende studiestukke rakende 'n missionale ekklesiologie, insluitend studiestukke oor die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit in een dokument wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat.

Die Algemene Sinode wys 'n ad hoc-taakspan aan bestaande uit verteenwoordigers van al die diensgroepe om 'n geïntegreerde, praktiese gemeentelike ekklesiologie daar te stel.

2013: die Raamwerkdokument vir 'n Missionale Ekklesiologie word deur die Algemene Sinode aanvaar.

Hierdie raamwerkdokument was 'n baie breë verslag wat uitgewys het dat om 'n missionale kerk te wees, die kerk in al sy werksaamhede raak. Dit het gehandel oor die identiteit van die NG Kerk, nuwe nadenke oor God wat as Drie-eenheid in hierdie wêreld betrokke is (die Missio Dei), oor die kerk as 'n gestuurde gemeenskap, oor die Koninkryk van God, oor die betekenis van Jesus se menswording vir die roeping van die kerk, oor die wêreld, die kerk as 'n missionale gemeenskap, gemeentes, geloofsvorming, jeugbediening en kategetiese, diensbaarheid aan die gemeenskap, die ampte, gemeentestigting, liturgie, publieke getuienis, teologiese opleiding en die kerkorde.

Die verslag sluit soos volg af:

Die NG Kerk het 'n unieke geleentheid om op 'n skeppende en kreatiewe wyse te reageer op groeiende insigte ten opsigte van die wese van die kerk. Dit verg 'n proses van gehoorsame luister en onderskeiding van die wil van God vir ons tyd en vir die NG Kerk. Ook die Kerkorde moet op die dubbele vraag reageer: Waar werk God? Hoe kan ons aansluit by sy werk in die wêreld?

Die kerkorde is dan ook op belangrike punte gewysig, waaronder die belangrikste wysiging 'n nuwe Artikel 2 was:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.

Artikel 9.4 wat handel oor die werk van die predikant saam die ander ampte voeg 'n baie belangrike nuwe verantwoordelikheid by naamlik kerkplanting.

Artikel 53 word gewysig om die gestuurdheid van die kerk duidelik uit te spel:

53.1 *Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.*

53.2 *Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom 'n gemeente. Deur dié gemeente:*

- *laat God sy Woord verkondig,*
 - *bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,*
 - *laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,*
 - *laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en*
 - *word sy geregtigheid en versoening verkondig.*
- Só laat Hy sy koninkryk kom.*

53.3 *Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.*

53.4 *Elke gemeente is 'n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente.*

Artikel 55 *wat handel oor die dienswerk van die gelowiges klink nou só:*

- 55.1 *Die roeping van die Kerk in sy gestuurdheid na die wêreld (Missio Dei) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.*
- 55.2 *Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daaglikse lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.*

'n Opdrag van 2013 wat nog uitstaande is, is die opdrag aan 'n projekspan om die Kerkorde in sy geheel aan die hand van hierdie verslag aan te pas. Wat wel gebeur het, is dat reglement 21 vir die gestuurdheid van die NG Kerk in die Kerkorde opgeneem is. Daar was ook in 2017 'n eerste werkwinkel om 'n begin te maak met die herskryf van die Kerkorde vanuit 'n inisiatief van die Sinode van Wes-Kaapland

2015: Die Algemene Sinode besluit om 'n Projekspan vir Missionale Transformasie in die lewe te roep ten einde die "Gestuurde Manifes", soos uiteengesit in die boekie "Gestuur" en gebaseer op die Raamwerkdokument, strategies verder te ontwikkel.

Die Algemene Sinode versoek die Projekspan Missionale Transformasie om die opdragte aan die subspanne vir Lidmaatbemaatiging, Missionale Ekklesiologie, Erediens en Liturgie, Gemeentebediening en Algemene Kuratorium (soos vervat in die verslae) uit te pak, te prioritiseer en te koördineer ten einde dieselfde strategiese doelwit na te streef.

In die lig van hierdie besluit is dit nie verrassend dat die ASM in November 2015 die missionale transformasie van die NG Kerk as sy eerste prioriteit aanvaar nie.

2. WAT HET SEDERT 2015, IN DIE AFGELOPE TERMYN GEBEUR?


Die Projekspan vir Missionale Transformasie konstitueer onder leiding van Ds Freddie Schoeman. Die span lewer deurlopend verslag aan die ASM oor werksaamhede en gaan ook in konsultasie met die ASM, sinodes en ander taakspanne.

2.1 BEPAALDE SLEUTEL-UITGANGSPUNTE WORD GEFORMULEER, GETOETS EN BEVESTIG

1. Ons werk met 'n trinitariese teologie.
2. Missionale transformasie sal 'n omvattende benadering verg wat alle aspekte van die kerk se bestaan raak.
3. 'n Strategie moet ontwikkel word.
4. Ons het 'n duidelike en inspirerende visie van God se roeping vir die NG Kerk nodig.
5. Ons moet ook aandag gee aan die kommunikasie na ons lidmate. Die NG Kerk het 'n soort "meesterverhaal" nodig wat ons kan rig. Hierdie meesternarratief kan nie iets anders wees nie as dat God ons roep, bymekaarmaak, vorm en stuur.
6. Die kerk moet waarderend werk. Die NG Kerk begin nie nou met 'n gestuurde roeping nie, ons het 'n lang (en trotse) tradisie van sending en barmhartigheid. Dit lê in ons genetiese materiaal.
7. Laastens was daar die gedagte dat die NG Kerk se "*handelsmerk*" (Engels: *branding*) aandag moet kry. 'n Mens sou byvoorbeeld kon werk met die beeld van water wat lewe gee, maar daar is ook heelwat ander Bybelse beelde wat 'n mens kan gebruik.

Die benadering is beskryf en sover moontlik visueel voorgestel

2.2 'N OMVATTENDE EN GEÏNTEGREERDE BENADERING IS BESKRYF:



In die hart van hierdie benadering staan dat 'n missionale spiritualiteit in gemeentes ontwikkel moet word, anders sal die missionale beweging maar net weer beperk bly tot 'n groepie entoesiastiese individue wat 'n klompie projekte bedryf. Dit is nie wat die Algemene Sinode in die raamwerkdokument, in die gewysigde Kerkorde artikels en in reglement 21 gevisualiseer het nie.

2.3 'N EENVOUDIGE TRINITARIESE TEOLOGIE IS ONTWIKKEL

2.3.1 AGTERGROND

Om gestuur te wees is een van die wesenskenmerke van die kerk, ons glo immers in een, heilige, algemene, apostoliese, Christelike kerk. Daarom is missionaliteit hoegenaamd nie iets nuuts of 'n verbygaande mode nie. Dit is 'n heropname van die roeping van die kerk soos ons dit in die Bybel kry en 'n noodsaaklike korreksie op die na-binne gerigtheid wat in baie gemeentes en selfs denominasies posgevat het.

Die groot sendingbewegings van die vorige twee eeue het tot 'n groot mate langs die hoofstroom kerke plaasgevind. In die hoogbloei van die Christendom-era het sending meestal vanuit die Westerse kerke op ander kontinente en onder ander rasse plaasgevind het. In die post-Christendom era en die gepaardgaande sekularisasie ontstaan daar egter al hoe meer plaaslike sendingvelde: gesekulariseerde post-Christene, armoede, maatskaplike probleme, gebrekkige onderwys en gesondheidsdienste is op die voorstoep van gemeentes.

Wat ons nodig het, is 'n toeganklike en omvattende teologie wat ons help en inspireer om ons roeping, hier en nou, te verstaan en op te neem.

Van die begin is 'n keuse gemaak vir 'n trinitariese missionale teologie. Dit is 'n omvattende benadering wat die teologie van missio Dei insluit.

2.3.2 OPMERKINGS OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE TRINITEITSTEOLOGIE

'n Christelike Godsleer staan en val, na die opstanding van Jesus, by die vraag wie hierdie Man is of was. Die oorsprong van die Triniteitsleer is te soek by die antwoord op hierdie vraag. Die Bybel ken nog nie 'n uitgewerkte triniteitsleer nie, maar die grondmateriaal van uiteenlopende Christologiese antwoorde is reeds in die Bybel aanwesig. Ons sien dit ook in enkele triadiese (drie-heid) formules wat uit dooppraktyke en ander voorskriftelike belydenisse spruit.

Dit was net 'n kwessie van tyd dat die vraag na dieper verstaan van die Vader, Seun en Gees sou uitloop op formulering en belydenisvorming. Hoe lyk die onderlinge verhouding tussen die God van Jesus, die Jesus van Nasaret wat gekruisig is en opgestaan het, en die Gees van die Vader en die Seun wat in die skepping en op besondere wyse in die gemeente as geloofsgemeenskap woon.

Sedert die konsilie van Nicea (en bevestig en geformuleer by die konsilie van Konstantinopel (381 nC)) sou hierdie die amptelike dogma van die kerk wees: die belydenis dat God een wese in drie persone is. Vir baie eeue sou die belydenis gehandhaaf word, sonder om die teologiese implikasies daarvan toereikend en begripsmatig uit te werk.

Van Ruler maak êrens die opmerking dat 'n volledige trinitariese teologie nog nêrens die lig gesien het nie, maar dat Calvin – na sy oordeel - die naaste daaraan gekom het¹. In die Calvinistiese tradisie word 'n trinitariese Godsbeskouing as konkrete monoteïsme bely en verdedig. Vir baie lank sou 'n trinitariese belydenis 'teoreties' gehandhaaf word sonder om die "praktiese" reikwydte vir kerk en teologie te verreken. Hierdie toedrag van sake sou drasties verander met die aanvang van die sogenaamde Triniteitsteologiese Renaissance sedert die helfte van die vorige eeu.

'n Hele aantal redes lê ten grondslag van hierdie herlewing van die Trinitariese teologie. Die belangrikstes is die volgende.

- 'n Wegbeweeg van 'n statiese manier om oor God te dink na 'n verhoudingsmatige manier. Die anti-metafisiese tendens in die filosofie en die teologie wat daarop neerkom dat die ou, statiese substansontologie vervang is deur 'n histories-relasionele ontologie wat klem lê op die gebeurlikheidskarakter ("ereignis") van die werklikheid. Relasies is altyd mutierend en veranderlik, iets wat nie verreken kan word in 'n statiese substansontologie nie.
- Hand aan hand hiermee is die herwaardering van die kategorie van die historiese en die tydsbepaaldheid van alle dinge. Die ontwaking van 'n teologie wat as denke vanuit die heil beskryf kan word, met klem op die historiese tradisies, die vaders en wat 'n nuwe erns maak met die teks van die Skrif, het die oë geopen vir die dinamiese karakter van oorlewering.
- Laastens het die ideologie-kritiese moontlikhede van die triniteitsleer (triniteitsleer as teologiese "Freiheitslehre" by Moltmann) die relevansie van 'n sosiale triniteitsleer vir die mensheid uitgespel. Die hernieude klem op die eskatologie vanuit 'n trinitariese pneumatologie het nie net betekenis vir die Godsleer nie, maar vir die hele werklikheid in al sy geledinge.

Op die vraag na die wesenskern van die christelike Godsverstaan, antwoord Ebeling met twee woorde : die kruis en die Triniteit. Dit beteken eerstens dat die kruis as historiese gebeure openbaringsbetekenis het. Die drie-enige God openbaar Homself, Sy eie wese in die kruis as 'n unieke en onherhaalbare gebeure.

Dit het verder dié verreikende betekenis dat geskiedenis betekenis het vir die syn van God self. Daarmee word die nominalistiese teologie wat oor God sonder die wêreld probeer bedink het (en wat uiteindelik sou omslaan in die denke van die wêreld sonder God), radikaal weerspreek. God is bedag op ons menslikheid en as die bron van die liefde, trek Hy mense in by die ewige gemeenskap van die liefde, wat Hyself is.

Geloof is hiervolgens nie net 'n kenteoretiese aangeleentheid nie, maar lewend in die gemeenskap met God Self, 'n eskato-ontologiese werklikheid. Dit geld as "verplasing" uit die hooploos-verouderde bestaan na die lewe in die Gees saam met Christus, ingelyf en verbonde aan Hom, in gemeenskap met die Vader, Seun en Heilige Gees op 'n wyse wat as aanvang en voortgang van die herskepping aangedui kan word. Dit verdien om *soteria*, redding, heil genoem te word.

Omdat dit alle tye omspan en die totaliteit van menswees grondliggend raak, móét dit meer wees as blote intellektuele en rasonale aktiwiteit. Die volheid van die heil dring mense in die greep van die gemeenskap met hierdie God tot viering van die lewe in etiese, liturgiese en praktiese sin. Dat God ons lewe met ons deel deur die inwoning van die Gees van die Vader en die Seun, beteken gelykoorspronklik dat God ons Sy lewe met Hom laat deel, maar op menslike wyse. Hoe "inniger" hierdie gemeenskap tussen God en mens, hoe duideliker word die onderskeid tussen God en mens.

¹ Redes hiervoor is waarskynlik sy affiniteit vir die Grieks- Ortodokse benadering en sy klem op die Pneumatologie in trinitariese verband. Hierdie toedrag van sake, is naas ander redes, die wortel van die Gereformeerde hoogskatting van 'n trinitariese teologie.

In hierdie sin is die *theopoiesis* resp. *theosis* nie die uiteinde van alles nie, maar die regverdiging en lewensheiliging van menslike mense. Die eer van God is 'n lewende mens (Irenaeus).

2.3.3 AGT MOMENTE VAN 'N TRINITARIESE TEOLOGIE

Die missionale taakspan, na oorleg met ATLAS, die volgende 8 momente geïdentifiseer wat as teologiese fundering vir 'n gestuurde kerk kan dien. Dit lyk soos volg:

- **God roep ons om in diep gemeenskap met God self te leef. (Verbondenheid met Christus, Christus-gelykvormigheid).**

Jesus is die openbaring van God self deur wie ons God ken. Jesus gee die opdrag dat sy volgelinge in Hom moet bly en Hy in ons, en dat dit die manier is waarop ons ook aan die Vader verbind bly en baie vrug dra: Johannes 15 ⁵*Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.*

Deur die doop word elke dopeling met Christus verenig. So word elke gelowige vrygemaak van die mag van sonde. Om saam met Christus gekruisig te word beteken dat ons "sondige bestaan beëindig is" (Rom 6:6) en dat ons nie meer lewe nie maar dat Christus in ons lewe (Gal 2:20). Elke gemeente is verder die liggaam van Christus wat uit Hom as die Hoof groei en ook na Hom toe groei.

Hierdie diep verbondenheid met God vorm die fondament van ons gestuurdheid. As gestuurde mense sluit ons aan by dit wat God reeds besig is om te doen. Missionaliteit wat nie gedra word deur die verbondenheid met die drie-enige God nie, word uiteindelik maar net nog humanistiese projekte.

- **God openbaar homself as die reddende God (Soteriologie, regverdigmaking).**

Die groot verhaal van die Bybel is van God wat mense soek, roep, verlos, heilig en stuur. God se heilswerk kulmineer in die dood en opstanding van Jesus en die versoening tussen God en mens wat daar plaasvind. "Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!" (Ef 2:5) Elke lidmaat het die voorreg om op 'n baie persoonlike vlak hierdie redding te beleef en gepaardgaande vergifnis te ervaar. Deur die dood en opstanding van ons Verlosser, Jesus Christus, kan ons nou in 'n herstelde verhouding met God leef.

Die boodskap van versoening is aan die gemeente toevertrou (2 Kor 5:18-19). Hierdie boodskap moet deur middel van evangelisasie op elke moontlike manier in ooreenstemming met koninkrykswaardes uitgedra word. Evangelisasie vereis spanwerk. Lidmate met die gawe van evangelisasie (Ef 4:11) moet die res toerus en lei om 'n antwoord te gee aan elkeen wat 'n verduideliking eis van die hoop wat in hulle lewe (2 Pet 3:15).

As kerkverband hou ons vas aan historiese tradisies van die vier *solas* wat die kern van ons verstaan van die verlossing vorm: *Sola scriptura* (net die Skrif, nie die tradisie wat langs of buite die Skrif ontwikkel het nie), *Solus Christus* (Christus is ons enigste Middelaar), *Sola gratia* (ons word slegs op grond van genade gered, nie geloof of enige ander vorm van goeie werk nie) *Sola fide* (die enigste basis van ons lidmaatskap van die kerk is ons geloof in Christus).

Die versoening van die individu met God moet ook tot uiting kom in herstelde verhoudings tussen individue. Soos wat ons vergeef is, moet ons ook vergewe. Ons is geroep om verhoudings in 'n gebroke wêreld te herstel (*Gestuur 12*) en om versoening tussen mense te bewerkstellig. Dit impliseer 'n doelgerigte fokus op sosiale geregtigheid en die bestryding van alles wat skeiding bring tussen mense (rassisme, "colourism", seksisme, klassisme ens.)

- **Perigorese (Die Drie-eenheid staan in verhouding met mekaar)**

Perigorese beskryf die ewige -liefdevolle- onderlinge gemeenskap in Drie-Eenheid. Ons verstaan die Drie-eenheid nie as 'n statiese begrip nie. Ons leer die Drie-eenheid ken in die interaksie, die verhouding tussen die Vader, Seun en Gees. Die Vader Seun en Gees leef in 'n perfekte verhouding met mekaar. Die kerk ontstaan wanneer hierdie verhouding na buite gerig word in die *missio Dei*. *Die diep intieme verhouding tussen die persone van die Drie-enige God help ons om iets van ons verhoudings met ander mense te verstaan – veral ons verhouding met mekaar as lede van God se familie.*

Hierdie eenheid is die paradigma vir die eenheid van die kerk: die kerk lewe uit en in die Triniteit, en vertoon daarom ook die imago Trinitatis. Dit beteken dat die kerk 'n gemeenskap is in navolging van die innige en selfopofferende gemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die kerk is gemeenskap, nie ter wille van gemeenskap nie, maar ter wille van deelname aan God se sending. Hierdie gemeenskaplikheid is deel van die kerk se DNA en liefdevolle verhoudings vorm die basis van die uitreik van die kerk. Die eenheid is ook die voorwaarde vir die geloofwaardige getuigenis oor Christus: die wêreld sal glo dat Jesus deur die Vader gestuur is as daar eenheid tussen die gelowiges is.

- **God beweeg na die wêreld en stuur die Seun en Gees na die wêreld (Missio Dei).**

Die Bybel vertel vir ons die groot verhaal van God wat na die wêreld beweeg en in die wêreld werksaam is. *Missio Dei beskryf die aard van God - dat God 'n sturende God is.* Dat Hy in sy selfopofferende liefde sy Seun na die wêreld stuur om sy heilsplan bekend maak en in werking te stel. Toe die Seun se werk voltooi was, het die Vader en die Seun, die Gees na die wêreld gestuur om sy werk te bevestig en voort te sit. Van ewigheid af is die drie-enige God 'n heilige gemeenskap wat na buite gerig is.

As gestuurdes beteken dit dat ons God self volg na die wêreld waarvoor God lief is en waar Hy teenwoordig en aan die werk is. *Ons word geroep om deel te wees van God se lewegewende beweging na die wêreld.* As deel van hierdie "na buite gerig wees", roep die Vader, Seun en die Gees die kerk om deel te word van God se beweging na sy wêreld en die vestiging van sy Koninkryk. Soos gestuurdheid 'n wesens-kenmerk van die Drie-Eenheid is, moet gestuurdheid ook 'n wesenskenmerk van die kerk wees. Ons leef en beweeg in die liefde van die Drie-enige God. Sending is ons reaksie op die liefde van God wat ons aanspoor om liefde in die skepping te leef deur versoenend te leef. Die gemeenskap met God (koinonia) maak ons harte oop vir gemeenskap met mekaar sodat ons God se liefde kan deel.

- **Prysgawe en self-ontlediging (Kenosis)**

Kenosis is die Griekse term wat in die Bybel gebruik word om Jesus se selfpryngawe te beskryf (Fil. 2:5-11). Selfpryngawe is die teenoorgestelde van selfhandhawing en selfvervulling. Selfpryngawe is deel van die wese van God. Die Vader stuur die Seun, en gee daardeur sy Seun prys te wille van sy liefde vir die wêreld. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader se sending en gee sy lewe prys om só versoening en heling te bring. Die Gees kommunikeer die opoffering van die Vader en die Seun. Sonder opoffering was daar geen sending of verlossing nie.

As dissipels volg ons Christus op 'n pad van selfpryngawe. Die kerk, as liggaam van Christus, word ook geroep om haarself op te offer ter wille van die koninkryk. 'n Gestuurde kerk neem deel *aan die lewe en karakter van Christus.* Deur die krag van die Heilige Gees bewerk God 'n diep innerlike transformasie in die lewe van die gelowige wat onder andere lei tot selfontleding en die afstanddoening van mag.

- **Die deurbreek van die Koninkryk (Die Drie-eenheid regeer)**

Christus is die Koning van die wêreld. Dit was die sentrale geloofsbelydenis van die kerk sedert die vroegste tye: Jesus is die Heer! (Fil 2) en sluit aan by Jesus se aankondiging van die Goeie Nuus: "Die koninkryk van God het naby gekom." (Markus 1:15) Die *missio Dei* is gefokus op die vestiging van die koninkryk van God. Die koninkryk van God is groter as die kerk en is reeds sigbaar op aarde, maar sal volmaak wees by die wederkoms van Christus. Die koninkryk is sigbaar waar mense Christus se koningskap erken; die vernietigende invloed van sonde nie die laaste sê het nie, maar waar God deur sy Gees in beheer is; en waar reg en geregtigheid, vrede en vreugde geld. As kerk word ons bymekaargemaak, gevorm en gestuur om tekens op te rig van die koninkryk, 'n voorsmaak van die koninkryk te wees en ook 'n instrument in die vestiging van die koninkryk te wees. Die kerk se fokus mag nooit op haarself wees nie, maar altyd op die koninkryk.

- **God word mens en kom woon by ons (Inkarnasie)**

Inkarnasie het te doen met Christus se menswording. Deur die inkarnasie wys God vir die wêreld hoe lyk dit as sy liefde hande en voete kry. Prakties help Christus se vleeswording die kerk om 'n inkarnasie-leefstyl na te streef. Inkarnasie is om met mense te wees, waar hulle ook al is en hoe hulle ook al is. Binne hierdie verstaan word die konteks en kultuur ernstig opgeneem, al mag die kerk nooit deur die kultuur oorgeneem of oorheers word nie.

As gestuurde kerk is ons gevorm na die beeld van Christus en vergestalt ons die evangelie in woord en daad in die gemeenskappe waarin God ons plaas en waarheen God ons stuur. God se liefde en gestuurdheid bly nie abstrakte bewegings nie, maar word beliggaam in die inkarnasie van Christus (Joh. 1).

- **In die krag van die Heilige Gees (Pneumatologie)**

'n Gestuurde kerk en gestuurde mense leef met die werklikheid en in die krag van die Heilige Gees. Die Gees maak die werk van Christus en God self 'n lewende werklikheid in ons en ons ken Christus en die Vader deur die Woord en Gees.

Die Gees is God se gawe aan die kerk en ook die Gewer van God se gawes: Deur die Gees word die werk van Christus 'n lewende, transformerende werklikheid in ons eie lewens. Die Gees bring nuwe lewe in daaglikse leefwêreld van die individu in. Die Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rom 8:16). Ons dra die vrug van die Gees: Liefde, vreugde, vrede ... (Gal 5:22). Die Gees bring lewe. (Rom 6:6) Die Gees maak Jesus se belofte waar: "... Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê – en dit in oorvloed." (Joh 10:10)²

Aan die einde van sy aardse bediening gee Jesus aan sy dissipels die belofte: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees ..." (Hand 1:8). Op Pinksterdag word die Gees oor die dissipels uitgestort – en so kom die eerste gemeente tot stand. Die Gees gee gawes vir lidmate om mekaar te dien en op te bou en toe te rus vir dienswerk (Rom 12, Ef 4). Die Gees bemagtig elke gemeente om kragtig te getuig van God se lewegewende beweging na die wêreld. Sonder die Gees word ons gestuurdheid bloot menslike pogings.

Die Gees bring nuwe lewe in 'n kerk waar strukture die oorhand begin kry het en die klem op oorlewing en instandhouding begin val het. Wanneer die kerk haarself onder die beheer van die Gees plaas beweeg die Gees op verrassende wyses en bring vernuwings in ou, krakende, dooie strukture.

Die mikpunt van God se lewegewende beweging na die wêreld is florerende mense in 'n florerende omgewing³. Gedring deur die Gees wat die vrug van liefde, vreugde en vrede in ons na vore laat kom beweeg ons in gemeenskappe in waar die mag van selfsug, magsug en hebsug die oorhand het. Daar bring die Gees deur ons nuwe lewe. Mense wat 'n doodsbestaan gevoer het, begin floreer.

2.3.4 IN ONS HARTE, HUISE, GEMEENTES, KERK EN WÊRELD


Hierdie Trinitariese teologie bepaal hoe die volgelinge van Jesus en sy Kerk in die wêreld leef en werk. Missionale transformasie, soos ons dit verstaan, beteken en behels transformasie op ses vlakke:

- Op die vlak van die individuele lidmaat
- Op die vlak van huishoudings van gelowiges
- Op die vlak van die gemeente as gemeenskap van gelowiges
- Op die vlak van die kerkverband (ring, sinode, algemene sinode)
- Op die vlak van die ekumene waar kerkgenootskappe saamwerk

² *Life in the Holy Spirit is the essence of mission, the core of why we do what we do and how we live our lives. Spirituality gives the deepest meaning to our lives and motivates our actions. It is a sacred gift from the Creator, the energy for affirming and caring for life. This mission spirituality has a dynamic of transformation which, through the spiritual commitment of people, is capable of transforming the world in God's grace.* WCC Together towards life

³ Miroslav Volf skryf in sy nuwe boek, *Flourishing* die volgende: *Flourishing ... stands for the life that is lived well, the life that goes well, and the life that feels good – all three together, inextricably intertwined. I use the term interchangeably with "the good life" and "life worth living."*

- Op die vlak van die samelewing waar sosiale strukture waardes soos geregtigheid, vrede en liefde reflekteer



2.3.5 ONS DROOM VAN 'N KERK...

'n Visie-dokument met die tema: "Ons droom van 'n kerk ..." is geskryf en in konsultasie met die ASM verfyn.

Ons droom van 'n kerk ...

Ons is 'n Kerk wat Christus se heerskappy op aarde en oor die hele skepping erken, bely en uitleef. Ons is dankbaar dat ons deel is van 'n Kerk met 'n eeue-lange geskiedenis van deelname aan God se sending in die wêreld. Ons glo dat God ons nou opnuut vorentoe roep op hierdie pad.

God is heilig en anders en leer ons om te droom van 'n kerk wie se **andersheid soos dié van God self is**: liefdevol teenwoordig in die wêreld, reddend, genadig, vergewend, helend, barmhartig, self-opofferend, versorgend, regverdig en vol geregtigheid. Ons dink aan die Drie-eenheid en die diep verhoudings tussen Vader, Seun en Gees wat mense innooi om in gemeenskap met God te deel in wie God self is.

Daarom **droom ons van 'n kerk** waar God se mense al hoe meer onder God se heerskappy en volgens God se wil lewe, sodat die waardigheid van mens en skepping herstel kan word. Die koninkryk van God is immers groter as die kerk.

Ons droom van 'n kerk wat voortdurend besig is om **God se teenwoordigheid** en werk in die wêreld raak te sien sodat ons in gehoorsaamheid kan deelneem aan die beweging van die Vader, Seun en Gees in die wêreld.

Ons droom van 'n kerk wat verstaan dat ons almal eerstens **ontvangers** is van God se genade en redding – 'n kerk waar gelowiges leef vanuit die genade van die doop en die nagmaal.

Ons droom van **nuwe geloofsgemeenskappe** wat die risiko loop om in Christus se naam in hulle kontekste teenwoordig te wees, om Christus se vrede te versprei en oop is om deel te neem aan nuwe gemeenskappe wat so ontstaan.

Ons droom van **God se mense** wat geroep is om te leef soos God leef, in wie God se liefde leef en wat meer en meer soos Christus word. Bemagtigde en toegeruste mense wat die Here dien en vir God leef, nie vir hulleself nie.

1. *God roep ons om in diep gemeenskap met God self te leef (Joh 15:5) (Verbondenheid met Christus, Christus-gelykvormigheid).*
2. *God openbaar homself as die reddende God (Ef 2:5). (Soteriologie, regverdigmaking).*
3. *Gestuurd wat saam met God in die wêreld leef en beweeg (Joh 20:21). (Missio Dei)*
4. *Geloofsgenote wat in diep liefdevolle verhoudings leef (Joh 17:21). (Perigorese)*
5. *Diensbare mense wat in die gesindheid van Jesus hulle voorregte prysgee om die lewe vir ander beter te maak (Fil 2:5). (Kenosis)*
6. *Mense wat so in die wêreld leef dat ander God se teenwoordigheid in hulle kan sien (Sag 8:28) (inkarnasie).*
7. *Dissipels wat hulleself aan Christus se heerskappy onderwerp (Matt 7:21). (Koninkryk)*
8. *Ons werk in die krag van die Heilige Gees (Hand 1:8). (Pneumatologie)*

Ons droom van dienende **leiers** met 'n helder visie van die toekoms waartoe God ons roep. Leiers wie se identiteit gegrond is in die Drie-Eenheid, wat geoefen is om saam met die geloofsgemeenskap God se wil en roeping te onderskei, wat koers aandui en selfopofferend voorleef wat hulle glo. Ons is oortuig dit is leiers wat hulle krag put uit 'n lewende verhouding met God.

Ons droom van 'n Kerk wat as liggaam van Christus **ruimtes** skep sodat alle gelowiges die Here, mekaar en die wêreld kan dien met die gawes en passie wat God aan hulle gee. 'n Kerk met buigsame en aanpasbare strukture sodat die Kerk haar roeping in verskillende kontekste kan uitleef. Ons droom van 'n kerkorde wat gemeentes bemagtig om verbande met ander geloofsgemeenskappe te stig en wat die Kerk dien en vrymaak om op organiese wyse te groei en te bedien.

2.3.6 NAVORSING ONDER 'N GROEP MISSIONALE LEIERS VAN DIE NG KERK

'n Opname is in 2017 gemaak by 'n groep leiers in die kerk wat met die missionale roeping gemoeid is. Die navorsing is gedoen deur dr Pieter van der Walt en ds Anka du Plooy. Hierdie groep leiers lewer belangrike insigte:

- **Watter groot skuiwe het reeds begin plaasvind?**
 - Daar is 'n prinsipiële teologiese skuif na 'n **Trinitariese teologie** met die klem op die lewende God, wat in 'n liefdesgemeenskap met God self (Vader, seun en Gees) bestaan en aktief handel in die wêreld.

- Daar is 'n herwaardering van die **plaaslike gemeente** as die kern van kerkwees en die plek waarvan die kerk haar roeping sal uitleef. Daarmee saam is daar 'n afskaling in die siening van die belangrikheid van die verband.
 - Denke skuif oor die **roeping van die plaaslike gemeente** (ekkesiologie):
 - **van** instandhouding, versorging, selfhandhawing en oorlewing ('n Volkskerk, die Christendom en institusionele paradigma)
 - **na** 'n (alternatiewe) gemeenskap wat deur God versamel word met die oog op: koinonia, dissipelskap, geloofsvorming, roepingsbesef, navoring van Christus en diens aan die plaaslike gemeenskap (Koninkryksparadigma).
 - **Gemeentes word toenemend kontekstueel verstaan. Dit beteken dat een organisatoriese bloudruk en een uitdrukking van roeping nie oral pas nie, maar van plek tot plek mag en moet verskil.** Kontekstualiteit van gemeentes behoort ook aangevul te word met 'n diversiteit van vorming.
 - Skuiwe in ampsbeskouing: Rol van die predikant skuif van amptelike, sentrale, institusionele figure na **geloofsonderskeidende teologiese leiers** wat koinonia skep en gelowiges toerus en bemagtig. Mag word gedeel.
 - Die 2011 besluit legitimeer missionaliteit en **skep ruimte vir leiers op alle vlakke** om hulle te beywer vir missionale transformasie.
 - Opsies vir **kerkplanting** / vorming van **nuwe geloofsgemeenskappe** word ondersoek.
- **Wat moet nog gebeur?**
 - Huidige predikante moet heropleiding ontvang sodat hulle **die vermoë ontwikkel om gelowiges te kan toerus** vir die verbeeldingryke uitleef van hul roeping.
 - Predikante moet bemagtig word om as **leiers** te funksioneer wat die gemeente inspireer en mobiliseer, nie net as pastors en leraars nie.
 - Die kerkverband moet nou skuif vanaf missionaliteit as teologiese raamwerk na **missionale praktyke, houdings en gewoontes**.
 - Alle gemeentelidmaats behoort deurlopend aggressief **blootgestel te word aan werklikhede buite** hul eie veilige omgewing.
 - Gemeentes behoort volhoudend **by mekaar te leer** en saam te innoveer.
 - Ons benodig **praktiese modelle** van missionale gemeentes wat werk en volhoubaar is.

3. GROEIENDE INSIGTE

3.1 'N OMVATTENDE MISSIONALE TRANSFORMASIE VAN DIE KERK

Die strategiese span rapporteer aan die einde van 2018 soos volg oor groeiende insigte oor wat 'n omvattende missionale transformasie van die kerk inhou:


- Ons verstaan al duideliker dat ons gestuurdheid die hele bestaan van die kerk raak.
- Ons verstaan al duideliker dat persoonlike geloofsvorming wesenlik belangrik vir missionaliteit, maar dat 'n eensydige klem op geloofsvorming ook die gevaar inhou dat ons in die slaggat kan trap van individualisering en privatisering van die geloofslewe.
- Missionale transformasie gaan daarom sowel oor die vorming van lidmate as die transformasie van die organisasie.
- Ons verstaan dat 'n diep kultuurverandering nodig is en dat dit ander soort vaardighede verg as die gewone leierskap en bestuursvaardighede.
- Die NCLS opnames van 2011 en 2014 wys uit dat die NG Kerk se sterkpunte van goeie eredienste, woordverkondiging, persoonlike toewyding en die maklike aanvaarding van vernuwings nie gaan bring waar ons moet kom nie. Die idee van kollektiewe vertroue nl dat die gemeente saam die roeping wat die Here vir ons gee, sal kan vervul, is uiters belangrik. Dit vra vir bepaalde leierskapvaardighede en vir 'n herorganisasie van die gemeente.
- Ons verstaan al duideliker dat die huidige ampsbeskouing, en veral die siening van die predikant as 'n soort alleenagent nie help dat die kerk sy missionale roeping bereik nie.
- Ten spyte daarvan dat ons in 'n land bly waarin die meeste mense hulleself as Christene identifiseer, word dit toenemend duidelik dat ons 'n evangelisasiemodel nodig het wat in die praktyk kan werk. Dit is ook nodig dat hierdie model inpas by 'n koninkryksteologie eerder as 'n evangelikale teologie met sy eensydige klem op redding vir die lewe na die dood.

- Die teologie van die God se sending (Missio Dei) is onontbeerlik vir die skuif na 'n missionale kerk. Ons verstaan egter al duideliker dat 'n holistiese trinitariese teologie ons verder gaan bring. Dit sluit die Missio Dei sowel as 'n teologie van die Koninkryk in en bring ook ander perspektiewe na vore.
- 'n Belangrike wins in die skuif na 'n trinitariese teologie as onderbou vir ons nadenke en praktykvorming, is dat 'n teologie met 'n trekkrag eerder as 'n opdrag is. Die karakter van die drie-enige God inspireer die kerk met 'n visie van wie ons kan wees. Dit werk met ons identiteit eerder as met 'n imperatief.

3.2 ONS VERSTAAN AL DUIDELIKER DAT MISSIONALE TRANSFORMASIE 'N AANTAL DINGE VAN ONS VRA:

- 'n Helder en verstaanbare **teologiese onderbou** waarin die Missio Dei, teologie van die Koninkryk, verlossingsleer, en die betekenis daarvan dat ons 'n Drie-enige God aanbid en dien, moet eenvoudig verwoord word.
- Radikale **gasvryheid** en praktyke om vreemdelinge by die geloofsgemeenskap in te trek.
- Nuwe maniere om die **evangelie te deel**.
- **Persoonlike geloofsvorming** van ons lidmate.
- Bemagtiging van gelowige **ouers en klem op huishoudings** as plek waar geloof gedeel en roeping uitgeleef word.
- Die **organisasoriese transformasie van bestaande** kerke en kerklike strukture om die roeping van die kerk effektief te dien
- Gelowiges wat **as gestuurdes in die wêreld leef**.
- **Effektiewe projekte** waardeur die kerk 'n impak maak in die wêreld. Hier is dit veral van belang dat ons fokus sal skuif van armoedeverligting na **armoede-voorkoming en opheffing**.
- **Diep vennootskappe** met ander kerke en organisasies wat in die gemeenskap werk. Ons sal moet skuif van 'n kerk wat homself sien as een wat vanuit 'n posisie van rykdom, geleerdheid en mag kom om te gee, na 'n gelyke vennoot tussen ander vennote.
- Die waardes van die Seisoen vir Menswaardigheid nl **luister, omarm, respek en liefde** gee vir ons die STYL waarmee die kerk na die gemeenskap gaan en vennootskappe sluit.
- Die **vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe**.
- **Volhoubare professionele dienste** in die gemeenskap.
- Die aanpassing van die **kerkorde** waar dit die bereiking van enige van bogenoemde doelwitte sou kon bemoeilik.

4. HOE VERSTAAN ONS TANS 'N MISSIONALE KERK?



GEROEP en VERSAMEL → GEVORM → GESTUUR

Kom in en word deel → Laat God jou verander → Maak 'n impak

Mens lees hierdie prentjie van binne na buite:

Ons werk met 'n TRINITARIESE teologiese onderbou. Dit is die simbool in die middel van die prentjie. Dit verteenwoordig 'n belangrike skuif van 'n teologie van opdragte na 'n teologie van identiteit: **wie God as Drie-eenheid is, sê wie ons kan wees.**

- **Kom in en word deel**

Ons wil 'n kerk wees waar mense inkom en deel word van God se Koninkryk. Daarom gee missionale gemeentes aandag aan:

- Radikale gasvryheid en praktyke om vreemdelinge in te trek in die geloofsgemeenskap.
- Die ontwikkeling van 'n uitnoui-kultuur. Tans het NG Kerk-lidmate nie 'n kultuur om mense in te noui in die gemeente en sy aktiwiteite nie.
- Nuwe maniere om die evangelie te deel.
- **Deel wat ons het:** hoe dien ons die plaaslike gemeenskap met dit wat ons reeds het? Noui hulle in na ons fasiliteite, kundigheid, kleuterskool in kategetiese lokale...

- **Word verander: harte, huise, kerke**

God los ons nooit soos ons is nie, as jy deel is van sy Koninkryk, leef jy al meer onder sy heerskappy.

Daarom is die volgende belangrik:

- **Persoonlike geloofsvorming** van ons lidmate. Harte moet verander. Sonder diep toewyding aan die Here is die missionale beweging gedoem tot mislukking.
- Die belangrikste geloofsvorming van kinders vind plaas in **huishoudings**. Ons verantwoordelikheid is om gelowige ouers te bemagtig om hulle kinders vir die Here groot te maak. Daarom die klem op huisgeloof met huishoudings as primêre plek waar geloof gedeel en roeping uitgeleef word.

- Alles lê egter nie by die verandering van individuele gelowiges en hulle huishoudings nie. **Gemeentes** as organisasies moet ook verander in hulle manier van doen, hulle eredienste, bediening en begroting om God se kollektiewe roeping vir die kerk effektief te dien.
- As ons praat van KERKE, gaan dit ook die **breër kerk as instituut** wat so georganiseer moet wees dat dit realiserings van die missionale roeping moontlik maak. Dit raak o a die kerkverband en die Kerkorde.

- **Maak 'n impak**

Die kerk as geheel is geroep om 'n IMPAK in die wêreld te maak. Dit gebeur deur:

- Gelowiges wat dag vir dag as gestuurdes in die wêreld leef en hulle roeping uitleef.
- Effektiewe projekte waardeur die kerk 'n impak maak in die wêreld. Missionaliteit is deel van die kerk se volgehoue stryd teen armoede en ongeregtigheid. Ons fokus skuif al duideliker van **armoedeverligting na armoede-voorkoming en opheffing. Vroeë Kindontwikkeling** is 'n uitstekende manier wyse waarop die kerk betrokke kan raak.
- Diep vennootskappe met ander kerke en organisasies wat in die gemeenskap werk. Ons sal moet skuif van 'n kerk wat homself sien as een wat vanuit 'n posisie van rykdom, geleerdheid en mag kom om te gee en uit te deel, na 'n gelyke vennoot tussen ander vennote.
- Die **waardes van die Seisoen vir Menswaardigheid** nl luister, omarm, respek en liefde gee vir ons die styl en houding waarmee die kerk na die gemeenskap gaan en vennootskappe sluit.
- Die vestiging van **nuwe geloofsgemeenskappe**. Hier dink ons baie meer organies as wat ons tevore onder kerkplanting verstaan het. Fresh Expressions help ons met 'n model vir die vestiging van nuwe geloofsgemeenskappe rondom 'n missionale gemeente. Dit gebeur deur die betrokkenheid van lidmate in die gemeenskap.
- **Volhoubare professionele dienste** in die gemeenskap. Die NG Kerk se vennote in die KMDR maak 'n uiters waardevolle bydrae in die gemeenskap deur maatskaplike dienste wat gelewer word.

5. DIE WERK VAN DIE TAAKSPANNE

Ons het gevind dat die taakspanne wat in 2015 deur die Algemene Sinode geïdentifiseer is, nie noodwendig die dringendste werk van missionale transformasie gedien het nie. Dit was byvoorbeeld nie duidelik wat die onderskeid tussen Gemeentebediening en Lidmaatbemagtiging se werksterreine moet wees nie, en ook dat die ontwerp van 'n Missionale Ekklesiologie tot 'n hoë mate afgehandel is.

Vir die toekoms is dit daarom belangrik dat die prioriteite en fokusse eers bepaal sal word en dat die taakspanne wat die werk moet doen daarna in die lewe geroep word.

Die taakspanne wat met die missionale roeping van die kerk werk, het in 2017 en 2018 'n gesamentlike vergadering gehou om hulle werksaamhede te sinkroniseer en te bely. Aan die begin van 2018 word 'n taakspan vir Missionale Diakonaat gekonstitueer wat deel vorm van hierdie groep taakspanne.

Die taakspanne het die volgende fokusse vir hulle werksaamhede onderskei:

5.1 EREDIENS EN LITURGIE

Ontwikkel Missionale Liturgiese Voorstelle . Die taakspan werk met vier bewegings van die erediens: God versamel ons, diens van die Woord, diens van die Tafel, uitsending. Die beplande uitset is 'n Gebedeboek saam waarin missionale liturgiese voorstelle vervat is. Hierdie is 'n voortgaande produk wat aanlyn beskikbaar sodat dit voortdurend uitgebou kan word.

5.2 MISSIONALE DIAKONAAT

Fokus veral op Vroeë Kindontwikkeling – 'n konferensie vir sinodale verteenwoordigers en leiers word beplan vir 15 – 17 Oktober. Die doel is om sinodes te bemagtig om gemeentes daarmee te help.

Missionale diakonaat werk ook aan vennootskappe met ander inisiatiewe op die terrein van diakonaat: netwerke, die KMDR en privaat sektor inisiatiewe.

(Missionale Diakonaat het 'n eie verslag)

5.3 GEMEENTEBEDIENING

Die taal wat ons gebruik moet nog eenvoudiger gemaak word sodat dit gemeentes bemagtig om hulle eie missionale roeping te onderskei. Die taakspan kan ook help om die missionale gewoontes visueel te verbeeld. (Sien verduideliking in hierdie verslag.)

5.4 MISSIONALE EKKLESIOLOGIE

Wil 'n produk ontwikkel vir 'n een-tot-een Evangelisasie-model

Verhale oor nuwe geloofsgemeenskappe moet versamel, gedokumenteer en vertel word (sien verslag oor NGGO)

5.5 LIDMAATBEMAGTIGING (Kyk die verslag van Lidmaatbemagtiging vir meer detail.)

Benut bestaande hulpmiddels om Bybellees vaardighede te ontwikkel
Ontwikkeling van roepingsbewussyn.

5.6 GELOOFVORMING (Kyk die verslag oor Geloofsvorming en veral oor Jeug Inisiatiewe)

Hoef nie nuwe produkte te ontwikkel nie, dit gaan eerder oor die uitrol van strategie

Ontwikkeling en vestiging van netwerke op nasionale vlak.

6. AANVERWANTE WERK

Intussen is daar ook 'n groot klomp aanverwante werk buite hierdie taakspanne gedoen. Dit was om uitdrukking te gee aan die omvattende benadering en die insig dat 'n missionale transformasie die hele kerk raak.

6.1 TEOLOGIESE OPLEIDING

Teologiese opleiding het reuse vordering gemaak om mense op te lei vir 'n missionale kerk.

Een van die uitgangspunte waarmee die Taakspan **Kerkverband** werk, is dat ons 'n missionale kerk is. Hoe die kerkverband ook al vorentoe lyk, dit moet die gestuurde roeping van die NG Kerk dien.

Die geskiedenis sedert 2011 het ons geleer dit wat in die **kerkorde** staan, groot invloed het op die praktyke van die kerk. Daarom is 'n begin gemaak met die skryf van 'n missionale kerkorde. Hierdie werk sal in alle erns hervat word as ons meer duidelikheid het oor die aard en funksionering van die kerkverband.

6.2 NAVORSING

Daar is noue samewerking met die Taakspan **Navorsing** om die nodige data oor die kerk vordering met missionaliteit te meet. Dit is gedoen

6.3 IN SINODES

Ons kon deur die verloop van die 4 jaar duidelik sien hoe die missionale roeping van die kerk deursuur na gemeentes. Ons sal graag by die vergadering van Algemene Sinode ook stories wil hoor van dit wat van onder, in die sinodes en gemeentes waar die roeping grondvat, gebeur het. Daarom het ons sinodes gevra om vir ons 90 sekonde video's te stuur van wat die stories vertel van waar die kerk missionaal besig is.

7. IN PAS MET DIE LEWENDE GOD. RITMES EN GEWOONTES VIR ROEPINGSGETROUE GEMEENTES.

7.1 KULTUURVERANDERING EN KERN-KAPASITEITE VAN MISSIONALE GEMEENTES

Een van die belangrikste insigte uit die werk van die strategiese span is dat ons in missionale transformasie te doen het met 'n kultuurverandering wat in al die gestaltes van die kerk moet plaasvind. 'n Werkgroep is saamgestel om te kyk hoe kan bestaande kundigheid wat reeds in die NG Kerk bestaan, ontgin en herverpak word om gemeentes wat hierdie pad wil loop, te help. Die werkgroep het 'n produk ontwerp wat maklik verduidelik en aangeleer kan word en wat nie afhanklik is van 'n hoëvlak fasiliteerder nie, dus: baie eenvoudig en gebruikersvriendelik.

Die werkboek wat gemeentes saam die resultate van die NCLS opname ontvang, is ook met hierdie produk gesinkroniseer sodat ons 'n gekoördineerde benadering vir gemeentes kan gee.

7.2 UITGANGSPUNTE WAARMEE ONS WERK

'n Kultuurverandering vind plaas as jy die dinge wat jy reeds doen, anders begin doen, nie as jy nuwe dinge begin doen nie. Ons wil nie gemeentes se programme nog voller maak nie, ons wil hulle help om dinge anders te doen en om dit makliker te doen. Ons werk met vyf kultuurskuiwers en vyf ritmes / gewoontes.

Vyf kultuurskuiwers

<p>Minimum KENNIS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Minimum beteken nie “so min as moontlik” nie, maar “soveel as nodig”. • In die NG Kerk skuif mense nie as hulle nie oortuig is dat die verandering in die Skrif begrond is nie. • Ons weet egter baie goed dat meer en meer kennis nie vanself verandering bring nie. 	<p>Skuif HOUDINGS en GESINDHEDE.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontmasker en ontbloot onbybelse en sondige houdings. • God verander mense se houdings en gesindhede deur sy Woord en Gees. • Leiers modelleer nuwe houdings • Herinner mense voortdurend aan die nuwe houdings en gesindhede.
<p>Leer nuwe VAARDIGHEDE aan.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die nuwe houdings moet grondvat in nuwe praktyke en daarvoor moet ons nuwe maniere van doen aanleer. • Dit gaan oor belangrike gewoontes soos hoe ons die Bybel lees, kategeese gee, vergaderings hou en besluite neem en eredienste inrig. 	<p>Ontwikkel oordraagbare GEWOONTES.</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Nuwe kultuur word uitgedruk in die dinge wat ons oor en oor doen, in nuwe gewoontes. • Dit gaan nie soseer oor nuwe dinge op die gemeente se program nie, maar daaroor dat ons die normale dinge soos vergadering hou, op 'n nuwe manier begin doen. .
<p>INTEGRASIE deur die sisteem. Hier gaan dit oor oordraagbaarheid van gewoontes, dat ons gewoontes wat ons op een plek aanleer ook op ander plekke begin. Byvoorbeeld dat ons op 'n nuwe manier begin Bybel lees in die kerkraadsvergaderings, dan in die kleingroepe, in die kategeese en ook ons huise.</p>	

Vyf nuwe ritmes

Uit navorsing en gesprekke met leiers wat fokus op die vorming van 'n missionale gemeentekultuur het ons met verloop van tyd 5 groot ritmes geïdentifiseer. Elke ritme word gedra deur drie gewoontes (vyftien in totaal). Die gewoontes word op hulle beurt weer gedra deur praktyke wat in die gemeente gevestig en deurlopend ingeoefen word. Die vyf groot ritmes is die volgende:

- **NADINK EN TE VIER**
God is met elke gemeente op reis na sy nuwe wêreld en dat ons nog nie aangekom het nie. Daarom skep ons deurentyd op die reis stilhouplekke waar ons kan NADINK EN VIER.
- **LUISTER EN ONDERSKEI**
Hoe kan ons gemeente hoor wat God nou vir ons sê?
- **WAAG EN ONTDEK**
Hoe daag God ons gemeente uit om grense oor te steek en te ontdek waar God aan die werk is ons omgewing. Wat is die nood en watter vennote is daar?
- **VERHELDER EN FOKUS**
Hoe kan ons gemeente God se roeping vir ons, op die plek waar ons is, onderskei? Hier kom die werk wat reeds gedoen is, bymekaar: (i) die gemeente se identiteit, gawes en passie, (ii) hoe ons

die Here se roeping vir die gemeente verstaan en (iii) die nood van die gemeenskap. Waar hierdie drie oorsake lê die hart van die gemeente se roeping.

- **IMPLEMENTEER EN OEFEN**

Hoe kan ons ons roeping doelbewus omsit in konkrete aksies? Hierdie ritme leer ons om nuwe dinge oor en oor te doen tot dit deel word van die gemeente se identiteit.

Dr Gert Cordier is die redakteur en hoof skrywer van die handleiding met Pieter van der Walt en Lourens Bosman as mede-skrywers. Ons doelwit is om hierdie handleiding by die ASM in Maart 2020 bekend te stel.

8. DIE VERSLAE VAN DIE TAAKSPANNE VIR MISSIONALE KERKWEES EN VERWANTE WERK GAAN ONDER ANDERE OOR DIE VOLGENDE SAKE

8.1 TEOLOGIESE OPLEIDING

Die nuwe bane van opleiding is geskep om die kerk in sy missionale roeping te help. Dit is inderdaad 'n missionale opleidingsplan. Dit moet nou aan die breë kerk bekendgestel word.

Verdere werk wat nog gedoen moet word:

Die standaardisering van opleiding in die verskillende sinodes

Ontwikkeling van opleidingsbane 2-4

Vorige opleiding wat deur sinodes gedoen is vir byv vir die preekbevoegdheid van ouderlinge moet gestandaardiseer en gesentraliseer word (die uitvoer van 'n vorige besluit).

Die profiel van die leraar moet geïnkorporeer word.

Die opleiding van bedienaars is in verskillende sinodes op uiteenlopende maniere uitgerol en kan nie gestandaardiseer word sonder 'n wetenskaplike plan nie. Kurrikulering moet plaasvind aan die hand van SAQA en Bloom se taksonomie op verskillende vlakke van opleiding vas te stel en inhoude te standaardiseer.

8.2 DIE KMDR (KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTE RAAD)

Die KMDR is die saambreelorganisasie van die tien sinodes se maatskaplike werk organisasies.

Oor 'n lang periode het die professionalisering van maatskaplike werk veroorsaak dat 'n kloof ontstaan tussen die maatskaplike werkers en gemeentes. Hierdie was 'n onbedoelde gevolg met baie negatiewe implikasies. Op leierskapsvlak is intense gesprekke oor die afgelope twee jaar gevoer oor missionale teologie en die implikasies vir maatskaplike dienste. Daar is breë konsensus dat die gaping tussen maatskaplike werk en die kerk oorbrug moet word.

Verdere werk:

Die groot vraag vorentoe lê op die vlak van die HOE? Gemeentes en maatskaplike dienste wil weet: Hoe doen ons die missionale ding?


Die kwessie van blanke bevoorregting kom sterk na vore in maatskaplike dienslewering. Is dit deel van ons gesprek en veral van die manier waarop ons in die gemeenskap betrokke behoort te raak?

8.3 GEMEENTEBEDIENING

Gemeentebediening werk met die vraag oor die taal wat ons gebruik in 'n missionale kerk. Daar is vier belangrike aspekte waaraan ons aandag moet gee as ons dink oor wat dit beteken om roepingsgetroue gemeentes te wees:

- Die roeping wat ons van God ontvang het en
- die voertuie wat ons gebruik om die roeping uit te voer.
- Die waardes wat deur ons roeping en identiteit gevorm word en

- die taal wat uitdrukking gee aan ons roeping en waardes.



- Binne ons gereformeerde tradisie val die fokus dikwels op die onderskeiding van roeping en op die voertuig wat ten doel het om hierdie roeping te realiseer. In die proses word waarskynlik nie genoeg doelbewuste aandag aan die vestiging van missionale waardes en die ontwikkeling van 'n koherente missionale taal gegee nie. Die gevolg is dat daar soms verwarring ontstaan ten opsigte van belangrike missionale konsepte. Al gebruik ons dieselfde woorde, gee ons nie noodwendig dieselfde inhoud en betekenis hieraan nie. Ons is dus van oordeel dat 'n doelbewuste nadenke oor ons missionale woordeskat 'n belangrike bydrae tot die proses kan lewer.

Die ontwikkeling van missionale taal gaan in die eerste plek daarvoor om mense gereedskap te gee om geloofsonderskeidend te dink en te praat. Geloofsonderskeiding is 'n nuwe manier om na die wêreld te kyk en die lewe te verstaan: 'n wêreld waarin God aan die werk is en 'n lewe waarin ons God deelneem aan God se werk. Gestuurde mense kyk op hierdie manier na die wêreld en ander mense en dink en praat hierdie soort taal. Die vestiging van geloofsonderskeidende taal vind nie plaas deur begrippe te verhelder nie, maar deur missionale gewoontes.

Die ontwikkeling van missionale taal gaan dan in die tweede plek oor die woorde en begrippe soos missionaal, gestuurde, diaken, ouderling, geloofsonderskeiding of wat 'n gemeente is. Hierdie woorde het 'n bepaalde belading in 'n missionale kerk wat nie vir almal duidelik is nie. Die taakspan sal verder wil werk aan die verheldering van 'n kernwoordeskat wat die missionale kernbegrippe verduidelik. Woorde en begrippe soos:

- Missio Dei
- Gestuurde (apostolaat)
- Missionale ekklesiologie
- 'n Missionale kerk, missionale leierskap en missionale kultuur
- Roeping / God se voorkeurtoekoms
- Geloofsonderskeiding
- Missionale hemeneutiek
- Godsvrae
- Missionale geloofsgemeenskap
- Geloofsvorming
- Geloofsgewoontes
- Kerkverband

Die wyse waarop dit moet gebeur, is eerder deur gesprek oor die terme en praktyke as deur voorskriftelik definisies te gee. Dit is nie net 'n kognitiewe proses waarin dit gaan oor die akkurate formulering van definisies nie. Dit gaan eerder oor 'n deelnemende proses wat taal vestig. Ons wil sien dat gemeentes en sinodes bemaagtig is om saam te praat en deel te neem aan die taalwêreld wat ons skeep.

Verdere werk:

Oor die ampte: Ons sal nog moet dink oor hoe ampsherstel in en vir 'n missionale kerk plaasvind. Missionale diakonaat het ook hierdie saak na vore gebring in die vraag oor die herstel van die diakenamp in gemeentes.

Vergaderings: Hoe kan ons die sinodes en uiteindelik gemeentes toerus om op 'n nuwe manier vergaderings te hou en hulle weg vorentoe te vind?

Missionale (transformatiewe) leierskap: uit die navorsing wat deur die Taakspan Navorsing gedoen is, is die terugvoer van missionale leiers as volg:

- Huidige predikante moet heropleiding ontvang sodat hulle **die vermoë ontwikkel om gelowiges te kan toerus** vir die verbeeldingryke uitleef van hul roeping.
- Predikante moet bemaagtig word om as **leiers** te funksioneer wat die gemeente inspireer en mobiliseer, nie net as pastors en leraars nie.

Dit blyk egter dat daar op bepaalde kritieke punte 'n gaping is tussen wat ervare missionale leiers en die gemiddelde NG predikant oor hoe missionale leierskap in die praktyk lyk. Dit word bevestig deur die NCLS-opname. Ons sal modelle moet ontwikkel om predikante toe te rus in transformatiewe leierskap, ander gaan missionale transformasie nie breed

Gemeentebediening se werk gaan dus oor die kombinasie van nuwe taal en nuwe praktyke.

8.4 MISSIONALE DIAKONAAT

Die wegspringplek van die Taakspan Missionale Diakonaat is die armoedeverslag van 2013. Hierdie verslag het die kousale verband tussen vlak van opvoeding en armoede uitgewys. As eerste fokus wat hieruit vloei het die taakspan groot klem geplaas op **Vroeë Kinderontwikkeling** (VKO). Dit is vir die taakspan belangrik dat VKO die KERK se rol is, nie net die rol van die maatskaplike dienste nie.

Verdere werk:

Verdere werk om VKO in die kerk te bevorder, hulp aan sinodes en gemeentes en die vorming van netwerke.

Die kwessie van armoede verligting en armoede opheffing. Watter ander maniere is daar om by opheffing betrokke te raak?

Die herstel van die amp van diaken in die kerk.

Die tweede fokus van Missionale Diakonaat moet ook verdere aandag kry: Hoe kan die KMDR strukture en die kerk nader aan mekaar beweeg?

8.5 LIDMAATBEMAGTIGING

Missionale transformasie begin in die harte van individuele lidmate. Dit is nie die volle prentjie van transformasie nie, maar dit is wesenlik:

“Christianity that doesn't begin with the individual doesn't begin; Christianity that ends with the individual, ends.” (E. Stanley Jones)

Lidmaatbemaagtiging se werk gaan oor sake soos die kweek van 'n roepingsbewussyn, die ontwikkeling en gebruik van gawes en toerusting vir dissipelskap. Hierdie missionale fokus deurbreek juis 'n *“Christianity that ends with the individual”* en rus gelowiges toe vir hulle roeping in die wêreld.

9. DIE PAD VORENTOE

Ander sake en prioriteite wat deur die strategiese span vir Missionale kerkwees geïdentifiseer is.

Daar is sake wat dringende aandag moet kry om **belyn en geïntegreer** te word met missionale teologie:

- 'n Missionale hermeneutiek wat deur predikante en lidmate gebruik kan word.
- Predikantesake – veral tov die effek van predikante se voortgesette bediening na aftrede op die missionale transformasie van 'n gemeente.
- 'n Nuwe kerkorde moet geskryf word vanuit ons missionale roeping en die Taakspan Kerkverband se voorstelle.

ONDERSKEIDING VAN PRIORITEITE VIR VERDERE WERK

Ons kan nie alles gelyk doen nie. Daarom vra ons dat daar in die vergadering van die Algemene Sinode 'n proses van geloofsonderskeiding ingebou word waardeur die roeping van God hier en nou onderskei word. Dit moet verbeeldingryk wees, niemand moet daarteen kan wees nie, dit moet die nut van die NGK illustreer. 'n Goeie fokus sluit nie uit nie, dit sluit oop.

Baie dankie aan die lede van die taakspan vir die kundigheid, tyd en wysheid wat julle na die tafel gebring het, maar veral vir julle diensbaarheid!

Dr Dewald Davel

Ds Fouche de Wet

Ds Barnard Steyn

Me Elize Bezuidenhout

Dr Willem Pretorius

Prof Nelus Niemandt

Dr Pieter van der Walt

Dr Frederick Marais

Ds Danie Mouton

Dr Willie van der Merwe

Dr Lourens Bosman (sameroeper)